H.B.Th.

191.T.2 (37)

# AFRIKAANS, DIE TAAL VAN ONS JEUG

DEUR PROF. H.B. THOM,
VOORSITTER VAN DIE NASIONALE ONDERWYSRAAD

KONGRESREDE, 18DE KONGRES VAN DIE AFRIKAANSE TAAL- EN KULTUURBOND (POS- EN TELEGRAAFWESE), MTWALUMI, NATALSE SUIDKUS, WOENSDAG, 21/6/72, 9.30 VM.

## I

By monde van die Hoofvoorsitter, mnr. J.Z. Venter, en die Hoofsekretaris, mnr. D.J.C. Geldenhuys, het die bestuur van die A.T.K.B. my gevra om te praat oor die onderwerp: Afrikaans, die Taal van ons Jeug.

Ek voldoen graag aan hierdie versoek. Ek wil die bestuur gelukwens met die keuse van hierdie kongresonderwerp: dit is baie belangrik en baie aktueel. Dit het vir Afrikaners noodsaaklik geword om hulle vandag van hierdie onderwerp rekenskap te gee.

Vanselfsprekend kan ek nie in baie besonderhede tree nie; ek wil slegs 'n paar hooflyne trek.

## II

Die taal is een van die allervernaamste kultuurskatte van 'n volk. Die taal is kenmerkend van 'n volk; dit is bepalend vir die nasionale en kulturele identiteit van 'n volk.

Waarom is dit so? - Dit is so omdat die taal ver uit 'n volk se verlede tot hom kom, omdat die taal die resultaat is van 'n geleidelike, diepgaande wisselwerking tussen fisiese en geestelike faktore in 'n volk se verlede. Dit is gewoonlik 'n proses van baie jare. As die taal dáár is, getuig dit gewoonlik in hoë mate van nasionale identiteit en nasionale mondigheid.

In die geskiedenis vind ons dikwels hierdie treffende feit geïllustreer: Die ontstaan van 'n eie taal is die gevolg van 'n groep mense se gesamelike geestelike en fisiese stryd om nasionale selfverwesenliking, maar as die taal eers

dáár is, is dit by daardie mense tegelyk 'n oorsaak van nog groter nasionale selfverwesenliking. In die proses van nasiewording is taal dus dikwels tegelyk gevolg en oorsaak. Dit is hierdie wisselwerking van gevolg en oorsaak wat die taal in die kulturele lewe van 'n volk so 'n magtige faktor maak.

Die grootste kultuurskatte van volke is egter nie dinge wat kortstondig is en sommer kom en gaan nie. Dit moet behou, vertroetel, ontwikkel word, deur jare en eeue heen, want eers dán kan dit werklik groot wees. En hier het ons veral met die taak van die jeug te doen. Die ouer geslag se dae word kort en loop af. Dit is die taak veral van die jeug om die taal te waardeer, te behou, vertroetel, d.w.s. as 'n mens verwag dat die taal moet bly voortbestaan.

Ons taal moet, saam met ons jeug, voortdurend vernuwe word, en jonk en soepel bly. As dit nie die geval is nie, as ons jeug die waarde van ons taal nie meer ken nie, as hulle bereid is om dit vir 'n ander taal te verruil, sal ons taal agteruitgaan en miskien eindelik verdwyn. En as dit eers gebeur, glo ek, sal daar ook nie meer 'n Afrikanervolk wees nie.

Afrikaans is die taal van ons volk, maar as dit altyd die taal van ons volk moet bly, moet dit eers en veral die taal van ons jeug wees. Laat daar hieroor geen twyfel wees nie.

## III

Toestand vandag?

Ons het by baie Afrikaners vandag ongetwyfeld nog liefde en waardering vir ons taal, en dit geld seker ook vir baie van ons jongmense. Maar - en hier is die belangrike punt - ons leef dit nie genoeg uit nie. Ons word beslis nie meer gekenmerk deur die praktiese liefde vir ons taal en deur die koersgerigte taalhandhawing van die vorige geslag nie. Ons het tevrede geword: Ons taal het erkenning gekry; ons het ons moedertaalskole en -universiteite; ons het ons Afrikaanse boeke, tydskrifte en koerante; Afrikaans het in die sakelewe opgang gemaak. Afrikaans het geseëvier - altans so meen ons - en waarom moet ons dan vir ons die las en onaangenaamheid van taalhandhawing op die hals haal!

3/................

En ons jeug? Baie van ons jongmense voel maar net só: dit is immers die kulturele klimaat waarin baie van hulle vandag opgroei. Afrikaans in Kerk en Staat, Afrikaanse opvoedingsinrigtings, Afrikaanse literatuur, Afrikaanse sake-onderneminge, ens. - dit is alles dinge waarmee hulle grootgeword het. Wat is dan so besonders daaraan? Dit is vir baie van ons jongmense vanselfsprekende dinge. Hulle het self geen stryd gestry om dié dinge te verkry nie. Die dinamiese dryfkrag van die stryd het hulle nooit ondervind nie; die klimaat van vanselfsprekendheid en gerustheid het baie van hulle oorval.

Dit sê ons in alg., [illegible]

Laat ons 'n bietjie meer definitief wees.

Enkele jare gelede het die groot verslag oor die deurtastende jeugondersoek verskyn, wat in die loop van 'n paar jaar onder leiding van prof. Jannie Pieterse uitgevoer is. Dit het oor die blanke jeug van Suid-Afrika as geheel gegaan, maar vanselfsprekend moes veral aan die Afrikaanse jeug aandag gewy word. Daaruit blyk vir ons 'n hele paar insiggewende - ook skokkende - feite.

Ons vind bv. dat die persentasie Afrikaanssprekende jongmense wat aan Engelse koerante voorkeur gee, heelwat groter is as die persentasie Engelssprekende jongmense wat aan Afrikaanse koerante voorkeur gee; en ook dat Engelssprekende jongmense proporsioneel heelwat meer geheg is aan koerante in hulle eie taal as Afrikaanssprekende jongmense aan koerante in Afrikaans.

Ons vind ook dat minder as die helfte van die Afrikaanssprekende jongmense eendag moedertaalonderwys vir hulle eie kinders sou verkies, terwyl meer as die helfte dubbelmediumonderwys sou verkies. Daarteenoor spreek heelwat meer Engelssprekende jongmense hulle ten gunste van onderwys deur middel van hulle moedertaal uit.

Verder: Byna die helfte van die Afrikaanssprekende jongmense (47,4%) wil as <u>Suid-Afrikaners</u> bekend staan, en nie as <u>Afrikaners</u> nie. 'n Sekere persentasie (39,5%) wil as <u>Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners</u> bekend wees. Slegs 11,8% wil <u>Afrikaners</u> genoem word.

X Die groot jeugverslag [illegible] v. 'n paar [illegible]

~~In die lig van sulke bevindinge moet ons tot die~~ gevolgtrekking kom dat

4/..............

Dié groot jeugbond, van 'n paar jaar gelede het aan die lig gebring

daar by 'n aansienlike persentasie van ons jongmense geen besondere liefde en waardering vir hulle taal bestaan nie. Dit hoef ons dan nie te verwonder dat daar in die genoemde verslag verklaar word: "Die tendens wat uit hierdie gegewens blyk, is inderdaad sorgwekkend."

Ons sal natuurlik nooit wil beweer dat dit met al ons Afrikaanse jongmense vandag só gesteld is nie; en 'n mens is inderdaad opreg dankbaar vir die groot getalle van hulle wat wel liefde en waardering vir hulle taal het. Maar ons moet realisties wees: Ons moet die feit onder oë sien dat daar baie van hulle is wat hierdie liefde en waardering vandag nie het nie.

IV

Perspektief.

Ons het nou hierdie feit gekonstateer. In watter lig moet ons dit sien? 'n Mens kan sê dat dit, uit die oogpunt van ons nasionale en kulturele lewe gesien, een van ons grootste swakplekke is. En hierdie stelling is oók volkome juis, want, soos ons opgemerk het, is die taal 'n kosbare kultuurskat wat veral deur die jeug gewaardeer moet word. Dit is immers ons jeug wat ons taal in die toekoms moet indra.

X John Sargent: "Every time I paint a picture I lose a friend!"

Laat ons 'n bietjie dieper hierop ingaan. As ons ons afvra wat, of wie, 'n goeie Afrikaner is, dan sê ons gewoonlik dat hy iemand is wat bv. sy taal liefhet en handhaaf, sy godsdiens uitleef, sy nasionale feesdae in ere hou, sy nasionale simbole soos sy vlag en sy volkslied respekteer, sy volksmusiek waardeer. Ons lê dan gewoonlik baie klem op ons taal: nasionaal en kultureel is dit ons vernaamste norm. As 'n man sy eie taal, Afrikaans, nie handhaaf nie, dan kan hy nie 'n goeie Afrikaner wees nie.

Presies dieselfde sê ons van ons jeug. Die norme vir egte Afrikanerskap bly immers vir almal dieselfde: of iemand bejaard is, of hy middeljarig is en of hy jonk is, die genoemde norme geld vir almal.

Dit is goed dat ons dit só sien. Dit gee immers duidelikheid, en as ons Afrikanerskap wil beoordeel, weet ons waar ons staan en waarmee ons te doen het.

Maar ons moet onthou dat Afrikanerskap in werklikheid veel dieper lê. Al hierdie dinge wat genoem is, en wat op hulleself uitnemend goed is, is uitvloeisels of manifestasies van die gees. Hulle ontstaan en bestaan nie uit hulleself nie; hulle is die manifestasies van 'n diepere gees wat daaragter lê. En nou is dit vanselfsprekend só dat as daardie gees nie reg en gesond is nie, die manifestasies daarvan ook nie reg en gesond kan wees nie. En andersom: As daardie gees reg en gesond is, dan sal die manifestasies daarvan reg en gesond wees. Ook in hierdie verband dink ons onwillekeurig aan die waarheid van die Skrifwoord: „Want elke boom word geken aan sy vrugte. Van dorings pluk 'n mens tog nie vye nie, en 'n mens sny ook nie druiwe van 'n braambos nie." Dit is noodsaaklik dat die diepere gees van ons volk gesond en reg sal wees, as ons wil hê dat die mooi dinge wat ek genoem het, by ons mense - en veral by ons jeug - gevind sal word.

Kom ons let meer bepaald op ons taal. As 'n Afrikaner sy taal waardeer, as hy dit vriendelik maar ferm en konsekwent handhaaf, dan doen hy dit nie bloot omdat dit vir hom „lekker" is nie, omdat dit vir hom 'n mode is nie, of bloot omdat hy op 'n gegewe moment „verkies" om dit te doen nie. Die rede lê veel dieper. Hy doen dit omdat hy hom op heel natuurlike wyse, en ~~hom~~ omdat hy hom – sonder dat hy daaraan herinner word - volkome één voel met sy volk. Hy doen dit omdat hy sy verlede ken, en omdat hy weet hoe sy volk geword het en gevorm is. Hy doen dit - en weer sonder dat enigiemand hom daaraan hoef te herinner of hom hoef aan te maan - omdat hy geloof en vertroue in ons bestaan as aparte volk het. 'n Man handhaaf sy taal nie ter wille van die handhawing as sodanig nie, nie omdat iemand hom daaraan herinner nie, maar omdat dit vir hom 'n vanselfsprekende, dood natuurlike optrede is wat eenvoudig opwel uit die diepte van sy siel. Hierdie diepere gees is fundamenteel, dit móét in ons leef, dit moet onblusbaar wees, anders sal ons taal nie gewaardeer word en nie bly voortbestaan nie.

Dít is die suiwere perspektief: Taalliefde, taalhandhawing is nie iets wat op sigself en vir sigself bestaan nie; dit is 'n manifestasie, 'n waarneembare

uitvloeisel van die diepere gees wat daaragter lê. Die manifestasie is vanselfsprekend belangrik, maar dis hierdie diepere gees wat onmisbaar en fundamenteel is. en moet gesond maak nou

Pas ons hierdie begrip nou op ons jeug toe, dan moet ons, in die lig van wat ons reeds gekonstateer het, tot die gevolgtrekking kom dat hierdie diepere gees, hierdie fundamentele grondslag, by baie van hulle nie aanwesig is nie, of nie genoegsaam aanwesig is nie.

Hiervoor kan daar baie redes aangevoer word. In die genoemde verslag oor die groot jeugondersoek word 'n paar moontlike redes genoem. Ons lees daar o.a.: „Gedeeltelik kan die reaksie van die jeug waarskynlik aan hul onkundigheid oor die implikasies van moedertaal- en dubbelmediumonderwys toegeskryf word. Andersyds kan dit dalk wees dat die jeug alreeds so beïnvloed is deur die tyd waarin hulle leef (goeie gesindheid en samewerking tussen taalgroepe) dat die bewaring, bestendiging en uitbouing van dit wat eie is aan hulle besondere volksaard, nie meer op die voorgrond gestel word nie, maar dat daar eerder gestreef word na 'n gelykmakende, identiteitlose konformiteit waarin die taal op die agtergrond geskuif word. . . . . . . Waarskynlik het daar by die Afrikaanse jeugdiges 'n tamheid ingetree, noudat die stryd om die gelykberegtiging van Afrikaans met Engels skynbaar afgeloop het."

As dit só is - en ek meen stellig dat ons hierdie redes kan aanvaar - dan word ons vandag tot baie ernstige nadenke gestem.

Die verslag gaan nog verder. Nadat daar na die genoemde redes verwys is, word verklaar: „Die wese van die vraagstuk lê egter veel dieper - dit raak die gees van die volk. Aksie op alle fronte is gebiedend noodsaaklik." Ook hier het ons dus 'n verwysing na die diepere gees van ons volk. Dit is hierdie gees wat reg moet wees, dit is aan hierdie gees dat ons moet arbei.

Dit is ongelukkig 'n feit dat ons op verskeie terreine ons plig nie gedoen het nie. Dit het by baie, veral by tal van ons ouer mense, gebruiklik geword

om sonder meer die jongmense te blameer. Daar bestaan seker 'n mate van rede hiervoor, maar só eenvoudig is die saak tog ook nie. 'n Uiters komplekse situasie van die gees kan nou eenmaal nie met so 'n simplistiese siening bevredigend verklaar word nie.

Soos ons opgemerk het, is daar in die verslag oor die jeugondersoek o.a. gesê: „Aksie op alle fronte is gebiedend noodsaaklik." Dit is baie suiwer gesien: as ons respek vir ons taal wil hê, as dit gehandhaaf moet word, dan moet ons op alle fronte aktief daarvoor werk, en dan is dit bowenal noodsaaklik dat die jeug op geesdriftige wyse sy-aan-sy met ons sal saamstry. As ons dit wil hê dan moet ons egter sorg dat ons ons plig teenoor ons jeug nakom.

Ons kla oor ons jeug se gebrekkige taalhandhawing, maar inmiddels is baie van ons seer seker vir hulle geen voorbeeld van taalhandhawing nie. Ons kla oor hulle voorliefde vir Engelse boeke en koerante, maar inmiddels volg hulle maar net die patroon wat in baie ouerhuise gevind word. Ons kla dat hulle geen begrip van ons volk se verlede en stryd het nie, maar inmiddels keur ons goed dat Geskiedenis as skoolvak afgetakel word en ~~daar~~ deur minder en minder van ons leerlinge en studente op skool en universiteit geneem word. Daar is baie ander volke vir wie Geskiedenis 'n verpligte vak tot in die laaste skooljaar is, maar by ons word dit nie nodig geag nie. By die Afrikaner word dit nie nodig geag nie, maar dit is juis hy wat 'n voortdurende kultuurstryd te stry het.
[XXX Roman D. Law! Fish River!]

Doen ons ons plig om die diepere gees van ons volk gesond te maak en gesond te hou? Doen ons ons plig teenoor ons jeug wat juis hieruit sy geestelike voedsel moet put en sy koers vir die toekoms moet kry en moet hou? Ek laat hierdie vrae oor aan elkeen van ons, en aan elke Afrikaner daarbuite. Maar ons moet vandag groot erns daarmee maak; daar is geen tyd vir uitstel meer oor nie.

As ons dit nie doen nie, sal ons nie by die kern van die probleem uitkom nie, maar tevrede moet wees om ons bloot oor uitvloeisels of manifestasies van 'n gebrekkige gees te bekla. Ons sal soos die oppervlakkige geneesheer wees, wat tevrede is om die simptone van die siekte van sy pasiënt te dokter, i.p.v.

na die wortel van die siekte te gaan.

Dit is die suiwere perspektief wat ek graag by almal wil tuisbring; en waarop ek met nadruk wil aandring.

V

Dit was my plig om openhartig en eerlik te wees. Maar dit is eweseer my plig om nie onnodiglik 'n indruk van pessimisme te maak nie. Want daarvoor bestaan daar vandag ook nie gegronde rede nie. Ek kom baie in aanraking met Afrikaners in verskillende dele van ons land; en dwarsdeur my lewe was ek nog steeds in noue voeling met die jeug van ons volk. As ek nou, heeltemal objektief, oorweeg wat ek gehoor en gesien het, dan glo ek dat ons nog steeds rede vir optimisme het - vir ewewigtige, sobere optimisme, maar nie vir wilde, onverantwoordelike optimisme nie.

Ek het vertroue in ons volk, en met name vertroue in ons jeug. Daar is by ons mense, en by ons jeug, nog altyd die kern in wie die gesonde, diepere gees van ons volk voortleef. Ek voel dikwels opnuut weer die besieling wat van rasegte jong Afrikaners uitgaan wanneer ek jeugleierskursusse bywoon wat bv. deur die F.A.K. gereël word. Dit is hier waar 'n mens die hartklap van ons jeug waarneem, waar ons veral sien watter plek hulle moedertaal by baie van hulle nog inneem. Ek dink ook aan sutdentegroepe en aan groepe jongmense wat reeds in sekere werkkringe staan, aan bv. Rapportryers en Junior-Rapportryers; en ek sien hoedat ons taal onder hierdie jongmense leef.

Ek kom agter dat daar in die jongste tyd ook weer 'n gees van groter aktiwiteit en doelgerigtheid onder Afrikaners vaardig word. Dit het met ons goed gegaan; ons het te gerus geraak; ons het ons nie meer genoeg ingespan nie. 'n Mens het dit op baie terreine van die volkslewe gesien. Maar nou het baie Afrikaners weer tot die harde werklikheid ontwaak. En dit kan vir ons net goed doen; veral vir ons taal wat daardeur nuwe lewe en nuwe krag sal kry.

En as ek dit alles in gedagte hou, dan kyk ek met vertroue vorentoe.

Daar is nog baie van ons jongmense wat ons taal liefhet, en op wie ons ons hoop kan vestig vir die toekoms. As ons ouer mense ook maar getrou hulle plig teenoor hierdie jongmense doen, sal ons jongmense nóg sterker wees en die ware gebruikers, die geesdriftige beskermers, die opregte voogde word van 'n keurige, soepele, welklinkende Afrikaanse taal wat tot in lengte van dae 'n kosbare sieraad vir ons volk sal wees. En ons jongmense sal op hulle beurt die gesonde diepere gees voortdra sodat dit ook weer by húlle kinders die regte vrugte sal voortbring. XX Tot vervelens toe: klein volkie!
XX Eenwording - Akad-rede of Bl.

As ons openhartig en eerlik is, as ons die groot gevare identifiseer en begryp, sal ons des te beter in staat wees om daardie gevare met welslae die hoof te bied. Dan sal ons kan sorg dat die proses van handhawing positief voortgaan, van één geslag na 'n ander; en dan kan ons die vertroue hê, ware, vaste Godsvertroue dat ons taal as 'n kosbare kultuurskat sal voortbestaan om steeds veral deur die houvas wat dit op ons jeug het, suiwer en getrou uiting te gee aan die siel van die Afrikanervolk.

* * * * * * *